DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963
menlo-insig
27/2024
19 September 2024

LIEWE
# MENLO

Daar is nagenoeg 350 uur in 52 skooldae – die duur van die derde kwartaal. Op Menlo-bodem is hierdie tyd met bykans honderd toetse, 'n handvol Fast5-netbaltoernooie, 'n oktaaf kooroptredes, 'n gros revuekompetisies, 'n ketting fietsrybyeenkomste, 'n salvo gholfligas, 'n string sewestoernooie, 'n orkes musikale optredes, 'n rits tenniswedstryde, 'n reeks hokkietoernooie, 'n wavrag toneel- en dramaoptredes, 'n berg landloopbyeenkomste, 'n bord vol skaakligas, 'n arsenaal redenaars- en debatfinale, 'n voorbereidende eksamen, 'n atletiekbyeenkoms of drie én selfs 'n swemgala gevul!

Dit laat 'n mens wonder hoe die Parkies hierdie pas vir 21 000 sekondes volhou. Die antwoord vind jy net hier op Menlo-bodem.

Uit die musieksentrum leer ons die belangrikheid van ritme en rus. "Stamina en toewyding," vertel die sportafrigters, is die sleutels tot sukses. Die skaakspelers eggo die belangrikheid van fokus en die akteurs vertel dat dit soms goed is om 'n myl in 'n ander se skoene te stap. "Maak tyd vir jou medemens," sê die omgeekomitee – dit gee perspektief.

Op die kruin van die kwartaal is die lente én Menlo-kultuur met die Menlofees gevier – 'n lekkerte wat vandeesweek 'n hoogtepunt in die AfriForum Teater bereik het. Daar is tyd gegun om bene te rek en moed vir die jaar se pylvak te skep.

Nou, 52 skooldae later, het die tyd aangestap en die Oktobervakansie wink. Ons kyk effe uitasem, maar met dankbare harte terug op 'n suksesvolle en bedrywige kwartaal. Tussen golwe van deelname, spanwerk en samewerking is daar een ding wat soos 'n paal bo water staan: Elke Parkie het sy en haar bes gedoen deur die geleenthede wat in 350 uur versteek was met albei hande aan te gryp.

Wat meer kan enigiemand vra?

Baie dankie vir elke ekstra myl!



# DAGBOEK

**20/9**

Skool sluit: 11:00 / Matriekafskeid / Lentedag
Tennis: Sun City Wilsonskild

**21/9**

Tennis: NWU Eagles Multi Surface Toernooi (Potchefstroom) – 24/9

**22/9**

Atletiek: Oefenkamp
(Hekkies en Naellope) – 27/9

**1/10**

**Welkom terug, Menlopark!**

**2/10**

Netbal: Afsluitingsfunksie (Saal, 18:00)

**3/10**

Krieket: o. 19A Noord-Suid (tuis)
Rugby: Afsluitingsfunksie

# MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Stuur navrae en gebedsversoeke gerus na 082 579 4968.

**Teks: Numeri 6:24 – 26**
"Die Here sal jou seën en jou behoed; die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee."

# ALGEMEEN


## Sluit gerus by die Menlo-pa's wat bid aan

Alle pa's word hartlik uitgenooi om elke tweede Vrydag om 06:00 in die Rugbyklubhuis te vergader om vir die skool te bid. Daar is natuurlik ook 'n heerlike koppie koffie en sosiale interaksie op die agenda.

Navrae kan gerus aan mnr. Willem Botha (willem.botha@menlopark.co.za) gerig word.

Volgende byeenkoms: Vrydag, 4 Oktober.



# AKADEMIE

## Syferslim Parkies is pure goud in wiskundekompetisie

Wiskundiges soek al vir jare na die ontwykende *x*, maar dis gelukkig veel makliker om die beste wiskundeskool in die land op te spoor.

Die uitslae van die prestige- wiskundekompetisie wat jaarliks deur die Universiteit van Pretoria aangebied word, is pas bekend. Skole van oraloor het deelgeneem en na dese is dit amptelik: In die ganse Suid-Afrika is daar nie 'n enkele skool met syferslimmer leerders as Die Hoërskool Menlopark nie.

**Uitslae:** **Top-5-skole**

1. Die Hoërskool Menlopark
2. Beyond Education
3. Deutsche Schule Durban
4. Rondebosch Boys' High
5. Pearson High School & Grey Kollege Sekondêr



Ruan Nieuwenhuys
Junior: 1ste



Erik Senekal
Senior: 1ste



Wilna Beetge
Senior: 2de



Gerhard Mahne
Senior: 2de



Andries Beyers
Senior: 3de



Mikayla Smit
Senior: 3de



Marco Visser
Senior: 3de

# OMGEE

## Menlo maak harte oop

*"A kind gesture can reach a wound that only compassion can heal."* (Steve Maraboli)

Hoop lyk nie vir almal dieselfde nie. Party mense vind hoop in die belofte van lente en reën. Party vind hoop wanneer die son soggens opkom, terwyl die optrede van mense vir party ander hoop bring.

Vir mense wat nie self kan gee nie is wegkruipplek min. Hulle staan met brose harte in hulle hande met die hoop dat iemand vir hulle hoop kan gee. Dit bly 'n kuns om hoop op so 'n manier uit te deel dat dit heelmaak en nie aan ander se menswaardigheid raak nie.

Dit was 'n voorreg om die ryk oes wat tydens Omgeeweek ingesamel is vandeesweek uit te deel en 'n kitskykie in organisasies soos die Abraham Kriel Kinderhuis, Brainlife, Daybreak Babahuis, Wollies, Loeriehuis Jeugsentrum en Gracia Haven Kinderhuis te kry – 'n ervaring wat 'n blywende indruk op elke Parkie-hart gemaak het.

Baie dankie aan die vorige omgeekomitee onder leiding van Elrisha Ras wat met die inisiatief afgeskop het asook die huidige komitee o.l.v. Juvan Botha en Isabeau van Helsdingen vir hulle reëlings.

Hoop maak harte heel.













# LEIERSKAP

## Koshuisraad slaggereed vir 2025-termyn








Wie sou kon raai dat die Menlo-bodem nie net 'n teelaarde vir akademiese, sport- en kultuurtalent is nie, maar dat dit ook as 'n kampterrein ingespan kan word?

Inderdaad!

Die nuwe koshuisraad, ook bekend as die Menlo-waghonde, het die 2025-termyn met 'n produktiewe kamp by die skool afgeskop. Tradisionele aktiwiteite, soos skattejag, is met minder konvensionele aktiwiteite gekombineer, soos byvoorbeeld om die skoollied te blaf en hondjieswemvaardighede te toets. Die Insig is verlig om te verneem dat die agenda darem ook vir beplanning voorsiening gemaak het waar nuwe tradisies bespreek en koshuisliedjies gekomponeer is. In die koshuis kry elke hond sy dag en dié dag was verlede Saterdag. Die koshuisraad het na Wolwespruit ontsnap waar hulle met 'n heerlike koppie koffie na 'n taai staptog beloon is.

Die Insig het betroubaar verneem dat groot dinge vir 2025 beplan word en dat dit beloof om 'n jaar te wees wat geen Menlo-koshuisbrak ooit sal vergeet nie.

Baie dankie aan Madame Mia-Louise Nel en mnr. Phillip Erasmus wat as gidshonde vir die koshuisraad optree.

Die Insig sien saam met die koshuisraad en -inwoners na 'n opwindende 2025 uit!

# GEES

## Tekkielympics ontdek talent

Daar is gewik en geweeg, bespiegel en gewonder. Selfs stilletjies geoefen en oor dié tergende vraag geargumenteer en gedebatteer: Kan seuns netbal speel?

Die antwoord hierop vind 'n mens een maal per jaar, tydens die Tekkielympics, op Menlo se netbalbane waar seuns en dogters mekaar in gemengde spanne die stryd aansê. Vanjaar was geen uitsondering nie en die Insig deel graag 'n paar foto's van die skouspel.

Hier volg 'n paar interessante statistieke:

- Spanne het uit vyf seuns en vyf dogters bestaan.
- Spanne se name is met hulle spandrag uitgebeeld.
- Wenners (graad 9): Lifesavers
- 46 spanne het ingeskryf.
- Wenners (seniors): Caution Shooters
- Wenners (graad 8): Pink Cobras.

Baie dankie aan me. Eleanor du Toit (netbalorganiseerder) en haar bekwame span wat verseker het dat die Tekkielympics seepglad verloop. Die Insig sien reeds na die skouspel van 2025 uit en begin dadelik om 'n paar doele te oefen.











# ATLETIEK

## Op julle merke. Gereed? Altyd gereed!

Menlo se spogprestasie by TUT se Top-12-byeenkoms is bewys dat Menlo se winterprogram in die kol was en dat die Parkies altyd vir aksie gereed is – selfs in die derde kwartaal! Welgedaan aan die afrigters en atlete.



Hier volg die uitslae:

| Seuns | Dogters | Algeheel |
|---|---|---|
| 1. Curro Hazeldean | 1. Die HS Menlopark | 1. Die HS Menlopark |
| 2. PBHS | 2. HS Waterkloof | 2. Curro Hazeldean |
| 3. Die HS Menlopark | 3. HS Zwartkop | 3. HS Waterkloof |

**Die volgende atlete verdien spesiale vermelding:**

| | |
|---|---|
| Daniélla Fourie | Beste veldatleet: junior dogters |
| Chirsté Loedolff | Beste veldatleet: senior dogters |
| Megan Nieman | Beste baanatleet: junior dogters |

# RUGBY

## Parkies victorious!

Die Noordvaal Sewestrofee staan waar dit hoort – in Menlo se trofeekas! Die 2024-rugbyseisoen was nie altyd maklik nie, maar Menlo se rugbyseuns het vanjaar 'n waardevolle les geleer en dit tydens die sewestoernooie toegepas: Spanwerk maak enigiets moontlik!

Baie geluk aan die spelers en afrigters wat week na week by die sewestoernooie gewys dat 'n Parkie op 'n missie absolut onstuitbaar is!

Hier volg die statistiek van die sewestoernooie:

- Menlo speel in drie toernooie en ses bekerfinale.
- Menlo wen drie van hierdie ses finale en die res... is geskiedenis!

**O. 15: Wenners van die Noordvaal Sewestoernooi**

| | |
|---|---|
| Menlo vs. Centurion: 47 - 14 | Menlo vs. Pietersburg: 7 - 10 |
| Menlo vs. Potch Volkies 53 - 7 | Menlo vs. Monument: 17 - 10 |
| Menlo vs. Die Anker: 21 - 17 | Menlo vs. Pietersburg 22 - 17 |

**O. 17: Naaswenners van die Noordvaal Sewestoernooi**

| | |
|---|---|
| Menlo vs. Die Wilgers 28 - 19 | Menlo vs. Ellisras 24 - 5 |
| Menlo vs. Klerksdorp 21 - 12 | Menlo vs. HTS Tom Naude 35 - 19 |
| Menlo vs. Zwartkop 17 - 10 | Menlo vs. Monument 14 - 19 |







# MUURBAL

### Welkom by die MMA!

Groot opwinding het die afgelope naweek geheers toe 'n klompie Parkies hulle Menlo-muurbal-vuurdoop beleef het deur vir die eerste keer aan 'n NJSA-toernooi deel te neem. Die spreekwoord lui dat 'n mens nie sal wen as jy nie bereid is om te waag nie. Die MMA is trots op die Parkies wat die waagmoed gehad het om 'n nuwe spel te bemeester en aan 'n toernooi deel te neem. Die beste manier om te leer is om net te begin – welkom in die span!







# GHOLF

### Sukses op die setperk

Die gholfliga is afgehandel en Menlo se spanne het uitstekend gevaar. Hartlik geluk aan die spelers en afrigters onder leiding van mnr. Nico van Eeden. Hier volg 'n opsomming van die seisoen se hoogtepunte:

**A-liga:** Menlo se eerstes ding in die finaal teen Hoërskool Waterkloof mee.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Baan: Irene Buiteklub | Telling: Menlo: 105 | Waterkloof: 109 | Posisie: Tweede |

**B-liga:** Menlo se derdes ding in die finaal teen AHS mee.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Baan: Pretoria-Wes Buiteklub | Telling: Menlo: 95 | AHS: 106 | Posisie: Tweede |

**C-liga:** Menlo se sewende span speel teen AHS in die finaal.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Baan: Dienste | Telling: Menlo: 98 | AHS: 101 | Posisie: Tweede |



# SPOG

### Menlo se eie Merida behaal boogskietsukses

Enya Pretorius het die regte pyle in haar boogskietarsenaal om sukses as 'n skut te behaal. Hierdie talentvolle Parkie het onlangs aan die *Ekurhuleni District WA Indoor Championships* deelgeneem en die brons medalje in die afdeling vir *Recurve women (u. 18)* verower. Enya het 57 deelnemers uitgestof om dié prestasie te behaal.

Knap gedaan!



**Geniet die vakansie!**

# MARKPLEIN


Multiply & Vitality Fitness Assessments
Waar: Body Intellect Mooikloof
Adres: 268 Holding, Atterbury road East
Wanneer: Maandae-Saterdae per bespreking
Tyd: 30-45 min per sessie
Kontak gerus vir Chantel by 0607360329
BODY INTELLECT
CHANTEL SWART
BIOKINETICSSA
LIFE THROUGH MOVEMENT


I do cakes, cupcakes, cake pops, cakesicles, sugar cookies, macarons etc.
dolcetti CAKES
Weddings, birthdays, and any other special event
dolcetticake
mathildavisserdolcetti
mathilda.visser@yahoo.com
Mathilda: 083 286 1617


www.pjtsa.co.za
PJT
SORT BY
FruitKO - 100% Fruit Juice Range 350ml (6pk)
R54.00
Buy Now
FruitKO - Nectar Range 500ml (6pk)
R52.80
Buy Now
FruitKO -Nectar Range 1.5Lt (6pk)
R112.20
Buy Now
FruitKO - 100% Juice range 1Lt (6pk)
R130.20
Buy Now
STILL NATURAL SPRING WATER
ICE TEA LEMON
ORDER ONLINE RIGHT NOW!
SHOP NOW
(011) 396 3690/1
69 Pomona Rd, Pomona. Kempton Park



Flavourlicious Creations
Bespoke cakes and cupcakes for all occasions
• Baked from scratch
• Quality ingredients
• Delicious
• Beautiful
Contact us for a quote:
076 7733262
info@Flavourlicious.co.za
Follow us:
Flavourlicious Creations
Flavourlicious_creations




KLARA'S CRUMBLES
TUISGEBAK
0662224446
ONDERSTEUN 'N PARKIE




Capsicum
CULINARY STUDIO
PASSIONATE ABOUT COOKING?
TURN YOUR PASSION INTO A CULINARY CAREER
CAPSICUMCOOKING.COM
PRETORIA CAMPUS
012 993 0071
134 Aramist Ave,
Waterkloof Glen




RUSH NETWORK · MetroFibre · DFA OPEN ACCESS NETWORK · FIBRE BY VUMA · Frogfoot Just connect · openserve




CRONIER WINES SINCE 1698

sales@cronierwines.com

www.cronierwines.com

CRONIER WINES SINCE 1698